

Gereformeerde Kerk Bellville – 31 Julie 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Gebed

Psalm 51:2, 8 (p. 260)

- 2 U, HEER, wat my deurskou geheel en al, / is van my euweldaad die hoogste weter;
U het die kwaad gesien; dus niemand beter / wat my kan vonnis in my droewe val.
Teen U het ek my sondedaad begaan, / ja, voor u oog deur swaar misdryf gesondig;
dus sal u woord regverdig bly bestaan, / en rein u vonnis, oor my afgekondig.
- 8 Gebroke hart en gans verslae gees – / dit is u offers, HEER! Geen altaardiëre,
geen bloed of vet van kleinvee of van stiere, / kan voor u oog die ware offers wees.
Doen goed aan Sion, wees dit welgesind, / en bou weer op Jerusalem se mure;
dan sal ons hand die regte offers vind, / brandoffers opgeur uit die altaarvure.

Skriflesing: Matteus 26:69-27:10; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 7

Kernvers: Matteus 26:75

En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween.
(Matteus 26:75 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 7

Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle wedergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Ten tweede vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot berou. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en

verkry. So besef hulle weer die genade van God wat nou met hulle versoen is; deur die geloof in Hom eerbiedig hulle sy ontferming om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk.

'n Verduideliking by artikel 7

In die voorafgaande artikels bely ons dat uitverkorenes nog in hierdie lewe swak is as gevolg van die sondige natuur waarvan hulle nog nie heeltemal verlos is nie (artikel 1). Dit is vanweë hierdie sondige natuur dat verlore mense nog steeds sondes uit swakheid doen (artikel 2).

Die Heilige Gees lei gelowiges met die Woord van God om te besef dat hulle swak is en daarom wys Hy hulle voortdurend daarop dat hulle waaksaam moet wees vir die verleidings en dat hulle aanhoudend moet bid. Ongelukkig gebeur dit dat gelowiges hulleself nie altyd getrou aan die leiding van die Heilige Gees steur nie of dink dat hulle sonder waaksaamheid en gebed sterk genoeg is teen die verleidings van hierdie wêreld. Dit is in daardie stadium wat die sondige natuur sy kans waarneem en gelowiges tot swaar en growwe sondes mislei (artikel 4). Met sulke growwe sondes kom daar verskriklike gevolge. En die ergste van hierdie gevolge is dat 'n mens God verskriklik vertoorn en die Heilige Gees bedroef (artikel 5).

Maar ondanks die gelowige se nalatigheid omdat hy nie gewaak en gebed het nie en juis omdat die gelowige swak is, hou God steeds sy uitverkorenes vas selfs al het hulle in sonde geval (artikel 3 en 6). Die Here bewaar sy uitverkorenes en hou hulle vas selfs in hulle sondeval omdat Hy 'n ewige en onveranderlike besluit oor hulle geneem het. Hy het hulle uitverkies, deur die geloof in Christus het Hy hulle geregverdig, en daarom sal die Heilige Gees aanhou om hulle heilig te maak totdat en sodat hulle uiteindelik die ewige lewe in volheid ontvang.

Aan die einde van artikel 5 bely ons dat die gelowige na sy sonde die verskriklike gevolge van sy sonde ondervind ***totdat God weer die lig van sy vaderlike aangesig oor hom laat skyn wanneer hulle deur opregte berou op die regte pad terugkeer***. Hier in artikel 7 bely ons nou wat God met sy uitverkorene doen sodat hy met opregte berou op die regte pad kan terugkeer.

Heel eerste bewaar God sy onverganklike saad waaruit die gelowige wedergebore is. Hierdie onverganklike saad van God is sy ewig lewende Woord (1 Pet 1:23). Vanuit Jesaja 40 wys die Heilige Gees ons daarop dat alles aan verganklikheid onderwerp is. Maar die Woord van die Here kan nie vergaan of vernietig word nie, want God hou self sy Woord in stand. Selfs binne in sy kind wat in sonde geval het, bewaar God sy Woord sodat dit nie deur die gelowige se sonde vernietig kan word nie.

Op sy bestemde tyd vernuwe God sy kind wat in sonde geval het deur sy Gees en Woord. Die Heilige Gees lei die gevalle gelowige met die Woord wat al op sy harttafel geskryf is en met die verkondigde Woord sodat hy self sy eie misdaad kan besef en berou kry oor sy sonde. Gevolglik het die gelowige van harte berou oor sy sonde volgens God se wil, en deur die geloof kom smeek hy met 'n gebroke hart om vergifnis in die bloed van Christus.

Omdat die Heilige Gees die gelowige oortuig dat God sy sonde vergewe het, besef hy weer hoe groot God se genade is en deur die geloof het hy eerbied vir God se genade. Deur hierdie besef van die grootheid van God se genade wil die gelowige weer in navolging van die Heilige Gees met groter ywer sy verantwoordelikheid nakom deur in die voetspore van Jesus Christus te volg om God te dien.

Tema: Ter wille van Homself sorg God vir die bekering van 'n gevalle gelowige

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, van kleins af leer ons om dinge self te doen – self te loop, self te eet, self aan te trek. En wanneer 'n kind dit regkry om iets self te kan doen, word hy geprys. Dit is goed en reg dat 'n mens leer om dinge in die natuurlike lewe self te kan doen. Ongelukkig spoel hierdie idee van dinge self te kan doen ook oor in mense se verhouding met die Here. Daarom kry ons met mense te doen wat sê dat jy self vir die Here moet kies en jy jou hart vir die Here moet gee. Of nog erger, jy moet jou hart vir die Here oopsluit anders kan jy nie gered word nie.

Hierdie idee om dinge self te doen, bly voortleef by mense selfs nadat hulle tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring is. Selfs al glo hulle dat Jesus Christus die enigste en volmaakte Verlosser is, praat hulle nog steeds van 'n klomp goed wat jy moet doen om in die hemel te kom.

Uit die mond van die Here hoor ons egter dat die mens absoluut niks kan doen om van sy sonde en ellende gered te word nie. Die mens kan nie self vir sy sondeskuld betaal en so-doende weer genade en die ewige lewe by God kry nie. Die Seun van God moes mens word, want net Jesus Christus is as regverdige mens in staat om die wil van God volmaak uit te voer. Net Jesus Christus is as God in staat om aan sy mensheid die krag te gee sodat Hy die regverdige straf op die sonde kan dra om mense van hulle sonde te verlos.

Maar daar hou God se ontferming en sorg vir die mens nie op nie. Die mense wat God uitverkies het tot die ewige lewe kan nog nie self tot bekering en geloof in Jesus Christus kom nie, want hulle is dood in hulle sonde. Daarom moet die Heilige Gees eers die wedergeboorte aan die mens skenk. Dit gebeur deurdat die Heilige Gees die Woord van God in die mens inplant – Hy laat die Woord aan die mens verkondig en maak die mens gehoorsaam aan die Woord. Tydens die wedergeboorte skenk die Heilige Gees die geloof aan die mens en daarmee saam verlig hy sy verstand, besny sy hart en stort nuwe eienskappe in sy wil uit. So en so alleen kom die mens daartoe om in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees in die voetspore van Jesus Christus te volg om God met sy hele lewe te dien. Daarom kan geen mens wat tot geloof in Jesus Christus gekom het enigsins op homself trots wees nie. Sy bekering en tot geloof kom in Christus is slegs God se werk. Die Here deel nie sy glorie met 'n mens nie. Hy alleen verlos en red mense.

Broers, susters en kinders, tot waar ons al gevorder het met ons reeks aan die hand van ons Dordtse Leerreëls weet ons opnuut dat gelowiges nie volmaak is nie. Alhoewel hulle deur die Heilige Gees gelei word en geleer is van hulle verantwoordelikheid om aanhoudend te waak en te bid, gebeur dit tog dat hulle dit soms nie doen. Dit gebeur vanweë hulle eie swakheid of slimmigheid.

Ons het gelees van Petrus toe hy in die noute gekom het oor sy eie lewe. Die twee diensmeisies en die manne in die voorhof van die hoëpriester se huis het Petrus herken as een van Jesus se dissipels. En hulle het navraag gedoen na sy verbintenis met Jesus. Drie keer na mekaar het Petrus enige verbintenis met Jesus ontken.

Hierdie drie versoekings wat op Petrus se pad gekom het, het nie sommer uit die bloute op hom afgekom nie. Nog voordat Jesus na die tuin van Getsemane gegaan het, het Jesus al vir Petrus ingelig oor die versoeking wat op sy pad gaan kom. Jesus het reguit vir hom gesê dat hy Hom drie maal gaan verloën voordat die haan kraai. Saam met hierdie waarskuwing het Petrus ook van Jesus self die versekering ontvang dat Jesus vir hom gebid het en dat hy weer tot inkeer sal kom.

In die tuin van Getsemane het Jesus ook nog drie keer vir Petrus op sy verantwoordelikheid gewys. Drie keer het Jesus vir hom en Johannes en Jakobus gesê dat hulle moet waak en bid sodat hulle nie in versoeking kom nie. Drie keer het Jesus hulle aan die slaap gekry omdat hulle te swak was om hulle verantwoordelikheid na te kom.

Al die versoekings waarmee ons elke dag van ons lewe te doen kry, kom ook nie uit die bloute uit op ons af nie. Daarom moet ons versigtig wees om nie te sê dat ons niks van die versoeking geweet het voordat ons in die sonde geval het nie. Die Heilige Gees maak dit vir ons baie duidelik uit die Woord dat ons elke oomblik van die dag daarop bedag moet wees dat ons versoek kan word. Ons kry dus die waarskuwing betyds. En op grond van die gebed wat Jesus ons leer bid en deur die werking van die Heilige Gees weet ons ook dat ons aanhoudend moet waak en bid sodat ons nie in die versoekings sal val nie.

Nou het die versoeking op Petrus se pad gekom. Omdat hy meer oor sy eie lewe bekommerd was, was hy nie daarop bedag dat die versoeking oop en bloot voor hom is toe hy die opmerking van die eerste diensmeisie gehoor het nie. Toe hy die eerste keer enige band tussen hom en Jesus ontken het, probeer hy om tussen die mense weg te kom. Maar wanneer Satan eers bloed geruik het, is hy soos 'n hond wat agtervolg. By die poort was nog 'n diensmeisie wat Petrus as een van Jesus se dissipels herken. Nog 'n keer ontken Petrus sy verbintenis met Jesus. En toe dit die derde maal gebeur, is Petrus sommer geïrriteerd en kwaad. Hy het gevloek en gesweer dat hy Jesus glad nie ken nie.

Wanneer 'n mens se sondige natuur in jou die oorhand kry, sleep hy jou so vinnig van jou nugterheid en waaksaamheid af weg dat jy nie mooi weet wat jy aanvang nie. Jou gedagtes en begeertes word so deur jou sondige natuur vasgevang dat jy baie gewillig meedoen aan wat jou sondige natuur jou voorsê.

Petrus het skaars die derde maal vir Jesus verloën toe kraai die haan. En net in die volgende sin van ons kernvers hoor ons dat God Jesus se gebed vir Petrus verhoor het. God het sy onverganklike saad waaruit Petrus ook weer gebore is bewaar. Die ewige en lewende Woord van God wat in die afgelope drie jaar deur die Heilige Gees op Petrus se harttafel geskryf is, is deur God bewaar. Die enigste lewende God hou self sy Woord lewendig en kragtig in die gelowige wanneer hy in sonde val.

Vir Petrus het dit so gebeur dat die Heilige Gees hom ook dadelik by die aanhoor van die kraai van die haan herinner het aan die woorde wat Jesus vir hom gesê het – **Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën**. Petrus het skaars swaar en gruwelik teen God en Jesus gesondig toe bring die Heilige Gees vir Petrus met die woorde van Jesus seker en kragtig tot berou. Petrus het van harte en volgens die wil van God berou gehad oor sy sonde. Ons hoor dat Petrus uitgegaan het en gehuil het. Maar hy het nie net gehuil nie. Hy het bitterlik gehuil. Hy was in sy binneste stukkend oor wat hy die Here aangedoen het.

Daar is twee dinge wat ons aangaande hierdie hartgrondige berou moet oplet. Eerstens moet ons in die konteks van die hele gedeelte wat ons gelees het raaksien dat daar 'n verskil is tussen bloot menslike berou en om van harte berou te hê volgens die wil van God. In die 53-vertaling lees ons dat Judas berou gehad het. Die 83-vertaling het dit tereg vertaal deur te sê dat Judas spyt gekry het.

Gewone menslike berou of wêreldse berou is in werklikheid maar selfbejammering. Dit gebeur dikwels dat 'n mens dadelik na sy sondedaad agterkom dat wat hy gedink hy gaan kry toe nie so is nie. Adam en Eva het die leuen geglo dat hulle soos God sou wees, maar die lastigheid was dat hulle agtergekom het dat hulle kaal is en skaam geword het vir

mekaar. Ongeregtigheid veroorsaak dat 'n mens in die duisternis kom en dit is lastig. Hierdie gewoon menslike berou is 'n berou oor wat die mens verloor het en nie maklik weer kan kry nie. Dit gaan dus oor wat die mens nou nie meer het nie.

Berou oor die sonde volgens God se wil is 'n droefheid oor wat God verloor het deur die sonde van mens. Omdat die gelowige sonde doen, beroof hy God van sy eer. Met berou volgens God se wil sien die gelowige eerste raak watter skade hy die Here aangedoen het en nie die skade wat hy gely het deur sy sonde nie. Daarom smee die opregte berouvolle hart dat die Here hom sal vergewe vir die skade wat hy die Here aangedoen het en nie eerste vergifnis om weer in 'n heel verhouding met die Here te kan lewe nie.

In 2 Korintiërs 7:9-10 skryf Paulus hierdie woorde:

Nou is ek bly, nie omdat julle bedroef was nie, maar omdat julle bedroef was tot bekering, want julle was bedroef volgens die wil van God, sodat julle deur ons in niks skade gely het nie. Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood.
(2 Korintiërs 7:9-10 AFR53)

En dit is ook die verskil wat ons tussen Petrus en Judas se berou opmerk. Petrus het volgens die Here se wil berou gehad oor sy sonde en dit het uiteindelik tot sy bekering gelei waarvoor hy nooit berou gehad het nie. Maar Judas was spyt oor wat hy verloor het deur Jesus te verrai. En uiteindelik het sy spyt en selfbejammering daartoe gelei dat hy selfmoord gepleeg het.

Tweedens moet ons oplet hoe ons oor hierdie berou bely: **Ten tweede vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot berou.** Dit is nie die gelowige wat homself tot berou bring nie. Daardie berou wat somer vanself in 'n mens opkom, is die gewoon menslike berou. Maar berou volgens die wil van God is iets wat die Here self deur sy Woord en Gees in sy gelowige mens bewerk.

Vir Petrus het die Here somer dadelik na sy misdaad tot hierdie hartgrondige berou volgens God se wil gebring. Maar vir Dawid het 'n hele jaar verbygegaan voordat die Here hom deur sy Woord en Gees tot hierdie berou volgens God se wil gebring het. Die Here werk met elkeen van sy kinders afsonderlik en persoonlik.

Maar wanneer ook al die Here deur sy Woord en Gees hierdie hartgrondige berou in 'n mens werk, die egte berou loop altyd daarop dat die gelowige in die bloed van Christus vergifnis by God gaan soek en dit ook verkry. Dawid het dadelik na sy sondebelydenis gehoor dat God sy sonde vergewe het. Petrus moes eers 'n klompie dae wag totdat hy uit die mond van Jesus self gehoor het dat hy weer in sy diens as apostel herstel is.

Geliefdes, net soos by die aanvanklike bekering van die mens van 'n ongelowige tot 'n gelowige dienskneg van die Here is dit ook by die daaglikse bekering van die gelowige – dit is nie die mens self wat hierdie bekering doen nie maar die Here wat dit deur sy Woord en Gees in die mens veroorsaak.

Vir elke ware gelowige wat dan elke dag hoeveel keer struikel oor sy sondige natuur en vir elkeen wat homself so ver laat mislei het dat hy 'n growwe sonde teen die Here gepleeg het, is dit 'n groot troos om te weet dat God se bewaring van die uitverkorenes ook dwarsdeur die sondeval stand hou. Die Here het die uitverkorenes sy eiendom gemaak deur die bloed van sy Seun. Daarom sal Hy self ook sorg dat sy uitverkorene wat geval het in die sonde weer opstaan in die geloof om met groter ywer Hom te eer en te dien deur sy ver-

antwoordelikheid na te kom – deur weg te vlug van die sonde af en sy toevlug tot Christus die gekruisigde te neem.

Amen!

Slotgebed

Psalm 86:1, 6 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
31 Julie 2016